*P.J. Strauss*

# DIE KERKORDE VAN DIE NED. GEREF. KERK: UITGANGSPUNTE TEN OPSIGTE VAN SKRIF, BELYDENIS EN KERKORDE

ABSTRACT

THE CHURCH ORDER OF THE DUTCH REFORMED CHURCH: POINTS OF DEPARTURE WITH REGARD TO THE SCRIPTURES, CONFESSIONS OF FAITH AND THE CHURCH ORDER

The Church Order of the Dutch Reformed Church puts the position of the Scriptures, its confessions of faith and its order for the church in a truly reformed perspective. In some instances this can be traced to the famous Synod of Dordt of 1618-1619. Supported by resolutions from the General Synod, these points of departure indicate the official stance of this church on these issues — a stance which can only be changed, be it officially, by changing the formulations in the Church Order. The Scriptures are regarded as the objective Word of God. With regard to the confessions, *quia* does not necessarily mean that one supports every reference or remark, but it indicates that the doctrine it confesses and formulates is according to the Scriptures. With regard to the offices, the assemblies and the relationships of the church, this Church Order differs from an attitude which has been accepted over many years by other reformed churches. Two dangers lie ahead for the Dutch Reformed Church. On the one hand, conservatism with a confessionalism that regards the confessions as canonical for all practical purposes. On the other hand, the church may endeavour to keep up with the times to such an extent that it exchanges Scriptures as a point of departure for humankind itself: It chooses to be liberal in the sense of an unrestricted freedom for humankind.

*Prof. P.J. Strauss, Hoof: Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300. e-pos: straussp.hum@ufs.ac.za.*

# 1. SKRIF, BELYDENIS, KERKORDE EN JUBILARIS

Hierdie artikel vorm deel van 'n bundel waarin David Keta by emeritering gegroet word. 'n Gereformeerde kyk op Skrifbeskouing, die belydenis en die orde van die kerk val gewoonlik in goeie aarde by David. Nie alleen is hy 'n geestelike broer in die gereformeerde sin van die woord nie, maar sy deeglike beheersing van Afrikaans bring ook mee dat hy so 'n betoog maklik volg.

As eerste dosent van die Ned. Geref. Kerk van Afrika aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat het David baanbrekerspore getrap. Onder sy leiding het die verhouding tussen die Ned. Geref. Kerk in Afrika en die Fakulteit so ontwikkel dat hulle Kuratorium ywerig meewerk aan die voorbereiding van hulle studente vir die kerklike bediening — studente wat van huis uit 'n affiniteit vir die gereformeerde tradisie in hulle omdra en in staat is om hulle plek in die bediening vol te staan.

Vir ons in die Ned. Geref. Kerk is dit 'n voorreg om — indirek — ook in diens van die bediening van die Woord in die Ned. Geref. Kerk in Afrika te staan.

# 2. DIE IDENTITEITSVRAAG

Dit kan aanvaar word dat die Ned. Geref. Kerk as 'n (algemene) sinodale verband van ongeveer 1250 gemeentes (Ned. Geref. Kerke 2007:30vv.) meer as een gesig het. Die inrigting van gemeentes, eredienste en selfs kerkvergaderings verskil soms merkbaar van mekaar.

Daarom die vraag: Wat bind hierdie gemeentes in dié breedste NGK-kerkverband? Waarin lê hulle eenheid? En, as die verskille verdra word, hoe word dit gereformeerd-ekklesiologies geregverdig?

Die gangbare ekklesiologies-georiënteerde antwoord is dat kerkeenheid nie kerklike eendersheid is nie en dat die eenheid van die Ned. Geref. Kerk bou op gemeenskaplike belydenis- of kernwaarhede. Die eenheid tussen die gemeentes bestaan nie daarin dat almal oor alles saamstem of alles op dieselfde manier doen nie, maar dat hulle van dieselfde belydenisse of kernwaarhede[1] oortuig is — 'n vertrekpunt wat pertinent in die gereformeerde tradisie leef en ook aangetref word by die Algemene Sinode van 2007 (NGK 2007:17). Daarom dat gereformeerdes belydenisse beskou as die akkoord van kerklike gemeenskap (Bouwman 1985:564) en dat die naam *Drie Formuliere van Eenheid* vir die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), Heidelbergse Kategismus (HK) en Dordtse Leerreëls (DL) in April-Mei 1619 by die Dordtse Sinode as 'n uitdrukking van

1 Heyns (1992:17) stel dit "dat 'n belydenis nie die ganse openbaringsinhoud aangaande die evangelie omvat nie, dog slegs die kernwaarheid weergee."

die eenheid van hulle geloof aanvaar is (Bouwman 1985:569; Donner en Van den Hoorn *s.a.*:307, 320, 325).

As kerkeenheid 'n eendersheid in alles veronderstel, is die kanse op reformasie skraal omdat enige afwyking, van watter aard ookal, met agterdog bejeën word. Teen hierdie agtergrond handel die Kerkorde van die NGK (NGK-KO: NGK 2005) in artikel 1 en 2 oor uitgangspunte ten opsigte van die Skrif, die belydenis en die orde van die kerk — uitgangspunte wat hierdie opvatting van eenheid in kerkverband by implikasie onderskryf.

## 3. NGK-KO ARTIKEL 1 EN 2: VERTREKPUNTE

Artikel 1 grond die Ned. Geref. Kerk op die Bybel as die "heilige en onfeilbare Woord van God". Volgens die artikel is die leer wat die Ned. Geref. Kerk *in ooreenstemming met* (my kursivering) die Bybel bely, "uitgedruk" in die Drie Formuliere van Eenheid. Aan die posisie van beide die Bybel en die Drie Formuliere word dus 'n bepaalde geloofsvertolking gee. Beide het 'n funderende, bepalende plek in die Ned. Geref. Kerk — 'n saak waarop hierdie artikel ingaan.

Artikel 2 handel oor vertrekpunte vir die orde van die kerk — 'n orde vir die regering, ampte, vergaderings, algemene werksaamhede, tug en die betrekkinge van die kerk na buite (NGK 2005:2.2).

Twee belangrike uitgangspunte word hier aangedui. Die eerste is dat die kerk sy eie interne orde op grond van sy "onvervreembare roeping", "interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus" en "reg tot vryheid van godsdiens" kan reël (Coertzen 2001:121). Die tweede is dat hierdie orde 'n imperatief is wat ook afgelei kan word uit die opdrag in 1 Korintiërs 14 vers 40 dat alles in die erediens "welvoeglik en ordelik" moet geskied. Artikel 2.1 verwys na hierdie vers sonder om die erediens as sy onmiddellike konteks te meld en maak die opdrag tot orde op die hele kerklike lewe van toepassing. Dieselfde artikel bepaal dat die orde 'n aantal bepalinge gee "vir die lewe en werk van die kerk met die oog op … die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig … Skrif en die belydenis."

Die belydenisse van die Ned. Geref. Kerk word dus as Woordgetrou beskou, terwyl sy orde Skrifgetrou én belydenisgeoriënteerd moet wees.[2] Die orde is

2 Skrif, belydenis, kerkorde en gewone sinodebesluite lê in hierdie volgorde van belangrikheid in die Ned. Geref. Kerk. Daarom is die Skrif onaantasbaar; die belydenis afhanklik van 'n tweederde meerderheid van tweederdes van die kerkrade, elkeen van die 10 sinodes én die Algemene Sinode; die NGK-KO van 'n tweederde meerderheid van die Algemene Sinode; en die besluite van die Algemene Sinode net van 'n gewone meerderheid van laasgenoemde, NGK-KO artikel 44. Smit (1984:63vv.)

niks meer nie as kanale waardeur die kerk sy werk Skrif- en belydenisgeoriënteerd moet doen, en nie ’n doel op sigself nie. Dit is bloot ’n hulpmiddel of dienskneg of ordelike raamwerk waarbinne Woord en belydenis in alle kerklike aktiwiteite tot sy reg moet kom.[3]

Ten diepste moet Skrif en belydenis en nie die staat met sy wetgewing of regspleging nie, bepalend wees vir hierdie orde. Dit beteken dat enige buite-Bybelse of buite-kerklike element wat in die orde of regering van die kerk ingevoer word, ten diepste met die Bybel en die aard van die kerk as Christelike geloofsgemeenskap versoenbaar moet wees en daardeur in diens geneem en begelei moet kan word (Fowler 1988:10).[4] Elemente wat onvermydelik is omdat die kerk in sy georganiseerde gestalte — dit waarvoor ’n kerkorde daar is — in hiérdie werklikheid opereer, ’n werklikheid waarin alles met alles saamhang. Daarom dat die kerk in sy funksionering ook buite-kerklike elemente kerklik, of aan die hand van sy karakter, in diens neem (Strauss 2007:206).

Wat die Woord betref, kies NGK-KO vir die belydenis dat die Bybel die heilige en onfeilbare Woord van God is: dat dit onfeilbaar is in die deurgee van God se Woord of Boodskap en daarom kanon vir die lewe van die kerk is; dat dit God se objektiewe Woord is en nie eers in ’n bepaalde situasie die subjektief-erkende Woord moet word of bloot kwesbare menslike getuienis aangaande God en sy openbaring is nie (Heyns 1992:79).

‘n Interessante, sprekende formulering is die “leer van die kerk … wat hy bely”. So ’n formulering dui aan dat dit nie hier om elke aspek van die betrokke belydenisskrifte gaan nie. Dit gaan nie om die “*methode of phraseologie*” nie, maar die dogmata of “*essentia doctrinae*” (aldus een van die kommisarisse-politiek by die Dordtse Sinode van 1618-1619, vgl. Kuyper *s.a.*:323-326). Hierdie benadering is ook by die Christian Reformed Church of North America aanwesig as sy Sinode in 1976 verklaar dat dit hier nie om verwysings, sinspelings

---

noem die Drie Formuliere van Eenheid ’n antwoord op God se Woord wat ooreenkomstig die Woord en daarom normatief vir die kerkorde is. In rangorde gaan Skrif en belydenis die kerkorde vooraf, sodat die kerkorde “op die grondlyne” van beide moet beweeg. Smit oorskry egter die moontlikhede van die gereformeerde belydenisskrifte as hy dit die norm en bestek van die kerkorde noem en laasgenoemde die strukturele konkretisering daarvan. In dit waarvan die belydenisse praat, is dit wel norm vir die kerkorde omdat dit laasgenoemde in rangorde vooraf gaan, maar die belydenis is nie so kerkordelik of -regtelik gerig dat dit die bestek van die kerkorde genoem kan word nie. Die belydenis ken byvoorbeeld nie meerdere vergaderings of die ryk geskakeerde betrekkinge van die kerk na buite nie.

3 Smit (1984:57) noem die kerkorde ’n dienskneg van die Woordverkondiging.

4 ’n Goeie voorbeeld hiervan is die eerbiediging van die reëls vir natuurlike geregtigheid wat “diens doen” in kerklike tugsake wat Bybels-eties en pastoraal van aard én juis daarom ook regverdig moet wees. Vgl. by Du Plooy (2007:18vv.).

en opmerkings gaan wat toevallig of "*incidental*" daarin vervat is nie, maar om die "doctrines which are confessed" (Engelhardt en Hofmann 2001:50-51).

## 4. DIE LEER SOOS VERVAT IN …

Twee aanvaarde stukke wat verdere lig op hierdie formulering van die NGK-KO werp en as besluite van die Algemene Sinode as "breedste"[5] vergadering in die Ned. Geref. Kerk 'n legitieme verklaring daarvoor bied, is die "plegtige" legitimasieverklaring vir Ned. Geref. predikante en die Algemene Sinode van 1998 se verduideliking van wat binding aan die Ned. Geref. Kerk se belydenisskrifte beteken.

Volgens dié Sinode lê die gesag van hierdie geskrifte in hulle verwoording van die "gereformeerde geloofsoortuiging". Hulle praat hierin gesagvol omdat ("*quia*") hulle in dié sake met die Skrif ooreenstem. Hulle het gesag in die "saak wat hulle volgens die Skrif wil bely" of in hulle verwoording van geloofsoortuigings wat volgens hulle "Skriftuurlike bedoeling" vertolk word (NGK 1998:414-415). So bly die Ned. Geref. Kerk volgens eie insigte "Dordts" en sy predikante wat die belydenisskrifte teken, op die *quia*-standpunt.

Min of meer in dieselfde tyd besluit die Algemene Sinode op 'n eietydse bewoording van sy ondertekeningsformulier of "plegtige" legitimasieverklaring. Hierin verklaar die ondertekenaars dat hulle glo dat die "leer soos vervat" in die drie algemene belydenisskrifte, te wete die Apostolicum, die Belydenisse van Nicea en Athanasius, en in die Drie Formuliere van Eenheid "ooreenkom met die Woord van God". Van die beloftes wat hierop volg, kom — interessant genoeg — ooreen met die van die Dordtse ondertekeningsformulier: dat hulle hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef; alle dwalinge wat daarmee in stryd is, sal weerlê en uit die kerk probeer weer; en geen twyfel of ander insig daaroor sal leer of bevorder voordat hulle dit nie aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie (NGK 2005:73).

Die frase "die leer soos vervat in …" kry hiermee dus 'n meer presiese aanduiding en vorm 'n moderne Afrikaanse verwoording van die destydse Dordtse[6]

5 Die vergaderings van die kerk verskil in opdrag, maar nie in status nie omdat hulle almal alleen met 'n van-Christusverleende gesag kan optree (NGK-KO artikel 20). Op sy beurt is die Algemene Sinode die enigste vergadering in die NGK waarop ál die NGK-gemeentes — deur hulle eie sinodes — indirek verteenwoordig is (NGK-KO artikel 38).

6 Veenhof (1969:220) voer aan dat die lewende, blye geloof van die Reformatore van die sestiende eeu ná Dordt mettertyd oorgegaan het in die strakke ortodoksie van die sewentiende eeu. Dit het vir hulle nou nie meer gegaan om 'n belydenis van hulle geloof nie, maar om 'n geloof in hulle belydenis.

"dat alle articulen ende stucken der leere in (die belydenisse) … begrepen … in alles met Goodts woort overeen comen." (Kuyper *s.a.*:186-187).

Jonker praat van die voorkoms van 'n sekere "speelruimte" by Dordt tussen saak en formulering (1994:155). Hierdie "speelruimte" is sigbaar in die Sinode se hantering van beide die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus. Die hele Sinode (buitelandse en binnelandse afgevaardigdes) het die *Confessio Belgica* as belydenisskrif goedgekeur of aanvaar, maar die finalisering of detail van die teks aan die binnelandse afgevaardigdes oorgelaat. Daar bestaan onsekerheid oor watter teks van die Kategismus deur die Sinode in die proses van bekragtiging gebruik is (Van Itterzon 1971:75). Die vergadering het in elke geval nie 'n teks hiervan hersien of 'n eie weergawe aanvaar of goedgekeur nie (Kuyper *s.a.*:337).

Dieselfde "speelruimte" is waarneembaar by die Sinode van Emden (1571) se besluit oor die Kategismus. Tradisioneel word hierdie Sinode ook in die Dordtse belydenis- en kerkordelike tradisie geplaas (Pont 1981:92vv.; Rutgers 1889:42vv.). In artikel 5 van sy handelinge bepaal Emden dat die Franssprekendes die Geneefse Kategismus van Calvyn en die Nederlandssprekendes die Heidelbergse Kategismus van Ursinus en ander sal gebruik. Ander kategismusse kan ook gebruik word, op voorwaarde dat dit met die Woord van God ooreenkom (Rutgers 1889:57-58).

Hierdie "speelruimte" beteken egter nie dat die noue band tussen saak en formulering in die Dordtse tradisie prysgegee is nie. Polman (*s.a.*:86-87) kom tot slotsom dat Dordt vir 'n letterlike binding aan die belydenis gekies het, sonder dat die gereformeerde vaders *muggenzifters* geword of hulle tot letterknegtery gewend het. Saak en formulering moes mekaar volledig dek, maar nie so dat belydenisskrifte in notariële aktes verander is waarby selfs die kleinste woordwysiging strafbaar was nie. Die saak was nie elke gebruik van 'n Bybelteks of verwysing of frasering nie, maar dit wat as geloof bely is. Belydenisskrifte was — en is steeds — bedoel om 'n belydenis van die kernsake van die Christelike geloof te wees. Dit is dan ook waarin hulle gesag geleë is (Heyns 1992:17).

In die Dordtse tradisie is besef dat sekere besware — soos die van die Remonstrante — teen sekere formulerings net 'n rookskerm was waaronder hulle probeer het om ernstige besware of dwalinge in die kerk in te voer. Daarom het die Dordtse Sinode in 1619 gekies vir 'n "*een accuraet*" ondertekeningsformulier wat as omskrywing van die betekenis en inhoud van die ondertekening 'n sigbare "teecken van eenicheyt inde rechtgevoelende leere …" kon wees. Beide letterknegtery en belydenisvryheid is in die proses die deur gewys (Kuyper *s.a.*:186-187).

Met sy "leer … wat die Kerk bely" sluit NGK-KO dus by hierdie ryke tradisie aan. Dit gee dus kerkordelike bevestiging — aanvaar met 'n tweederde meerderheid — van die betekenis van die plegtige legitimasieverklaring. Dieselfde

uitdrukking kom in NGK-KO 1962 artikel 1 voor, wat daarop dui dat NGK-KO vanaf sy ontstaan in hierdie baan loop (NGK 1964:2).

## 5. DRIE STANDPUNTE OOR BINDING

Daar word aangevoer dat daar sedert Dordt 1618-1619 drie standpunte oor die binding aan die belydenisskrifte ontwikkel het (Strauss 2007:661).

Die eerste is die stilswyende ontkenning óf ignorering van die feit dat daar tussen saak en formulering ’n sekere “speelruimte” is. Hierdie houding lei tot ’n letterknegtelike vertolking van die *quia*-standpunt en beteken ’n negering van Dordt self. Eksponente van hierdie houding hou ongekwalifiseerd aan ’n bepaalde teks vas, ignoreer die uitdrukking “die leer soos vervat in …” en gebruik meestal die uitdrukking dat die “belydenisskrifte onderteken” moet word — so asof jy die bepaalde dokumente sonder enige kwalifisering onderskryf (vgl. by Jansen 1952:237; Spoelstra 1989:299).

Die tweede is die *quatenus*-standpunt met sy tese dat binding net geldig is “in soverre as wat” die belydenisskrifte ooreenkomstig die Bybel geformuleer is. In beginsel gaan dit hier egter om die handhawing van ’n humanistiese vryheid waarin mense uit hulleself besluit wat hulle aanvaar en wat nie. Leerbinding is dan ’n bedreiging vir vryheid omdat hierdie soort vryheid in die *quatenus*-praktyk ’n “groter waarheid” is as die geloofswaarhede wat deur die “in soverre as wat” in gedrang kom (vgl. by Van den Heuvel 1991:151).

Die derde is die binding aan die “leer soos vervat in …” as ’n vertolking wat histories meer reg aan Dordt self laat geskied. Die blote ondertekening van die belydenisskrifte by Emden in 1571 is by Dordt met ’n “*accuraet*” ondertekeningsformulier vervang omdat handtekeninge sonder enige kwalifisering nie die eenheid in belydenis kon waarborg nie. Dit is bekend dat van die Remonstrantse predikante beide die Nederlandse Geloofsbelydenis en Kategismus as Formuliere van Eenheid na 1571 onderteken én hulle besware teen aspekte daarvan behou het (De Gier 1989:285).

Wat hieruit ook duidelik is, is dat NGK-KO in artikel 1 met sy “die leer” in die belydenisskrifte, gekies het om die erkende Dordtse pad te loop. Die feit dat hierdie formulering uit 1962 stam en in 1998 deur ’n sinodebesluit bevestig is, illustreer die invloed van hierdie tradisie in die Ned. Geref. Kerk. Wat dit by implikasie sê, is dat die Ned. Geref. Kerk die Woord as basis ag vir sy belydeniswaarhede én werksaamhede.

# 6. BYBEL HEILIGE EN ONFEILBARE WOORD VAN GOD

Met sy “die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God” gebruik die NGK-KO in artikel 1 ’n sprekende én gelaaide term. Hierdie gevolgtrekking word gestaaf deur die waarneming dat die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk dit nodig geag het om die saak van Skrifgesag en Skrifgebruik die afgelope twee dekades herhaaldelik onder die loep te neem (NGK 1986:611; 1990:31; 2002:548). Soos by die binding aan die belydenisskrifte, is dit ook hier die Algemene Sinode wat as die vergadering van die Ned. Geref. Kerk in sy breedste verband, namens dié kerk praat.

Die noodsaak vir hierdie besluite van die Algemene Sinode spruit waarskynlik uit die intensivering van die debat oor die saak die afgelope aantal dekades. ’n Verskynsel wat geïllustreer word deur talle publikasies in Ned. Geref. Kerkkringe daaroor.[7]

’n Oortuiging wat mettertyd redelik algemeen uitgekristalliseer en verwoord is, is dat die gesag van die Skrif geleë is in die feit dat dit ’n *tendensboek* is. Dat die gesag en betroubaarheid van die Bybel setel in sy “bedoeling”:[8] die bedoeling om ’n “heldere en magtige” boodskap by die mens uit te kry — ’n boodskap wat handel oor God se lewensomvattende verlossing en vernuwing in Christus deur die Heilige Gees (Heyns 1973:145-147).

Hierdie tendens vergestalt hom ook in die Bybelskrywers se hantering van historiese en geografiese stof en die natuur. Die Bybelse gebruik hiervan is nie in die eerste plek daarop gerig om van die Woord ’n historiese en geografiese naslaanwerk te maak nie. Dit gaan om die oordra van ’n religieuse boodskap wat in menslike taal oorkom en van gebruike, ervarings, beelde en omstandighede uit die ervaringswêreld van die mens gebruik maak. Dié boodskap wil in hierdie wêreld inbreek en — vir die mens — verstaanbaar oorkom. Waar skynbare historiese gedeeltes in die Bybel voorkom, stel Van Zyl dat daar — hoogstens (PJS) — van “kerugmatiese geskiedskrywing” gepraat kan word (Van Zyl 1970:11-12). Hiernaas is die Bybelskrywers in diens van God met hulle eie skryfstyl, persoonlikhede en bepaalde literatuursoorte. Van Zyl praat daarvan as “Gods Woord in mensetaal” (1975:vii).

Die betroubaarheid of onfeilbaarheid — die begrip vervat in NGK-KO artikel 1 — van die Bybel lê dus in sy bedoeling. Daarby gaan kerklike eksegese nie in die eerste plek oor historiese of geografiese besonderhede nie, maar die uitleg van die heilsboodskap van die Here. Om Paulus op hierdie punt relevant aan te haal: “Dit is ’n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar

7 Om enkeles te noem: Heyns (1973), Van Zyl (1975), Deist (1979) en Potgieter (1990).

8 Du Toit (1970) pleit byvoorbeeld daarvoor dat daar deeglik na die Skrif geluister én na sy bedoeling gevra word.

word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste … " (1 Tim. 1:15).

In 2002 word hierdie opvatting deur die Algemene Sinode bevestig as dit verklaar dat die Bybel ook nie aan die kerk gegee is as 'n onfeilbare bron van eksakte historiese en natuurwetenskaplike inligting nie, maar om die mens die kennis by te bring "wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus". Die Sinode gee 2 Timoteus 3:15 as verwysing (NGK 2002:548).

Intussen het die Algemene Sinode van 1986 gesê dat die Bybel as Woord van God hierdie eienskap as 'n blywende "identiteit" het wat nie eers tot stand kom wanneer mense dit hoor nie (NGK 1986:56). Hiermee mik die Sinode in daardie betrokke jaar waarskynlik ook kritiek na die relasionele waarheidsbegrip — wat van God en mens vennote in die saak maak — rondom Skrifgesag wat in 1981 deur die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland aanvaar en in die gereformeerde wêreld ingestuur is (GKN 1981:60vv.).

Behalwe in die NGK-KO, aanvaar die Ned. Geref. Kerk dus ook in ander uitsprake die Bybel as onfeilbare Woord van God — 'n onfeilbaarheid wat met die bedoeling van die Bybel verband hou.

Die eerste neiging by gelowiges wat die Bybel na sy bedoeling snap, is om te erken dat dit ook heilig is omdat God en sy woorde heilig is. "Heilig" kan hier die betekenis van 'n Skrifgefundeerde heiligheid dra omdat dit die Woord "van God is" of na Hom terug te voer is — woorde wat deur Hom afgesonder of geheilig is om sy heil aan die mens oor te dra. In die woorde van een van daardie dokumente wat vir die Ned. Geref. Kerk, naas die Bybel, kern- of belydeniswaarhede bevat, die NGB:

> Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Pet. 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy dienaars, die profete en apostels, beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel en het Hy self met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif (NGB artikel 3).

In sy kommentaar op hierdie artikel van die NGB beweer Van Zyl tereg dat die feit dat die Bybel as Woord deur God gegee of van Hom ontvang is, daaraan 'n heilige karakter gee (1975:vii).

## 7. GEREFORMEERDE VERTREKPUNTE VIR KERKLIKE ORDE?

Soos ten opsigte van die belydenis, wou en wil die Ned. Geref. Kerk met sy Kerkorde ook in die Dordtse tradisie werk — met 'n benadering wat vanuit dié tradisie vooruit beur om aan die eise van die eie tyd te beantwoord (Vorster 1960:13). Dit blyk alreeds uit die aanpak en hoofstukindeling van NGK-KO 1962.

Wat sy aanpak betref, wou NGK-KO 'n eietydse weergawe van die Dordtse Kerkorde van 1619 wees. Daarom is die Kerkorde van die GKN van 1959 wat daarop geroem het dat dit 'n eietydse replika van Dordt is, as basis gebruik (Coertzen 1989:26vv.). Die hoofstukindeling en sekere formulerings van NGK-KO is sindsdien ook Dordts: die inleiding, ampte, kerkvergaderings, ensovoorts, én uitgangspunte en formulerings soos die oor die gesag van kerkvergaderings.

Drie uit die vyf lede van die kommissie van aktuarii wat die konsep van NGK-KO vir die eerste Algemene Sinode, die Sinode van 1962, voorberei het, was medewerkers van die Federasie van Calvinistiese Studente wat veral in die 1930's in die Ned. Geref. Kerk aktief was. Hierdie studente het in die 1960's gesorg vir 'n neo-Calvinistiese inslag in die Ned. Geref. Kerk, gestimuleer deur — veral — die denke van Nederland se Abraham Kuyper, maar ook vir 'n teruggrype op Dordt (Strauss 1997:94).

Dordts-gereformeerd is beslis die anti-hiërargiese benadering van die kerklike ampte. In artikel 3 van NGK-KO word Christus sedert 1962 ononderbroke beskryf as die "enigste Hoof, Koning en Meester" van sy kerk. Tipies reformatories is die bepaling wat hieraan gekoppel is dat geen menslike ampsdraer oor 'n ander heerskappy mag voer nie. Die ampte van "bedienaar van die Woord", ouderling en diaken, is volgens NGK-KO gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei (NGK-KO 1964:2; NGK-KO 2005:1).

Volgens NGK-KO is die eintlike of hooftaak van die predikant die verkondiging van die Woord. Daarom word dit nadruklik verklaar dat sy amp of "bediening" gerig is op die Woordbediening in sy verskillende gestaltes (NGK-KO 2005:5). Die klem op die Woord en die prediking as 'n diens van Skrifuitleg en -toepassing bou op reformatore soos Luther, Zwingli en Calvyn (Pont 1981:199; NGK-KO 2005:21).

Wat kerkvergaderings betref, oriënteer NGK-KO in 'n bepaalde opsig op beide Dordt en die GKN. Artikel 20.2 bepaal dat die gesag van die ring oor die kerkraad dieselfde is as die van die sinode oor die ring en die Algemene Sinode oor die sinode. Hierdie uitdrukking wat beslis nie alles oor alles van die gesag van hierdie vergaderings sê nie, is uit en uit Dordts. In NGK-KO word dit egter voorafgegaan deur die verduidelikende bepaling dat elke vergadering, na sy eie aard, 'n kerklike gesag het wat deur Christus aan hom verleen is — 'n bepaling wat direk aan die Kerkorde van die GKN van 1959 ontleen word

en volgens Nauta nie ’n afwyking nie, maar ’n verryking van Dordt is (Nauta 1971:121-124). Soos by die ampte, beteken dit dat hierdie vier vergaderings aan wie die regering, opsig en tug in die Ned. Geref. Kerk toevertrou is, gelyk is in status, maar verskil in taak of opdrag (*Volksblad* 20:10:2007; NGK-KO 2005:11).

Met sy GKN-oriëntering kies NGK-KO duidelik teen een van die uitvloeisels van die Doleansie in gereformeerde Nederland in die negentiende eeu — daardie standpunt wat aanvoer dat die kerkraad as regeer-instansie in die gemeente as komplete kerk oor “eintlike” gesag en meerdere vergaderings as die vergaderings van die verband van gemeentes oor “afgeleide” of “gedelegeerde” gesag beskik. Dit is ’n standpunt wat van die gemeente die inisieerder of oorsprong — in die plek van Christus as Hoof van die kerk — van kerkverband maak en wat daarop neerkom dat Christus én die gemeentes van die betrokke kerkverband die hoofde of bronne van gesag van sy meerdere vergaderings word (Strauss 1992:191vv.).

Selfs al sou kerkverband uit gemeentes vorm, is dit steeds Christus wat in sy regering van die gemeentes kerkverband inisieer. Die opdrag vir die vorming van ’n verband moet op Christus en sy Woord en nie mense nie, bou (Kleynhans 1985:5).

Ander uitgangspunte in NGK-KO oriënteer ook op ’n lang gereformeerde aanloop. Volgens NGK-KO moet die kerklike tug kerklik en pastoraal met geestelike middele toegepas word. Hierin vertoon dit ooreenkomste met die Heidelbergse Kategismus wat in sy antwoord op vraag 83 oor die sleutels van die koninkryk van die hemel op dieselfde middele konsentreer (Pont 1981:258). Kerk en staat het ’n roeping teenoor mekaar wat saamhang met die eie aard van elkeen: Die kerk moet die staat profeties aanspreek en die staat moet die kerk juridies beskerm — onderskeidings wat teruggaan op Calvyn en die Reformasie (NGK-KO 30; Pont 1981:274vv.). NGK-KO eindig met bepalings oor die Ned. Geref. Kerk en ekumene wat teruggryp op die gradebenadering wat eie was aan Dordt (Strauss 1991:187v.).

## 8. SLOTSOM

Gemeet aan sy Kerkorde, beskik die Ned. Geref. Kerk oor gereformeerde uitgangspunte ten opsigte van Skrif, belydenis en kerkorde, uitgangspunte wat hom op punte in die Dordtse tradisie plaas, maar ook toon dat die Ned. Geref. Kerk tred hou met kerklike en teologiese ontwikkelinge en eietyds is en wil wees.

Sy uitdaging as kerk lê in die toekoms na albei kante toe. Dit is om Bybelsverankerd of gereformeerd én eietyds te wees. Gereformeerd-wees beteken nie ’n vasklou aan die menslike toepassings van die verlede of ’n konserwatisme nie en ’n eietydsheid ook nie ’n losse liberalisme of bandelose vryheid nie.

Na beide kante lê daar groot slaggate vir die kerk. Konserwatisme kan byvoorbeeld lei tot 'n konfessionalisme of 'n verabsolutering van die belydenisskrifte van die kerk — 'n tendens wat die belydenisskrifte in praktyk tot kanon verhef waaragter die Skrif verdwerg word. Op sy beurt plaas liberalisme die mens en sy vryheid, maar ook al sy moontlikhede tot foute, in die bepalende sentrum.

By laasgenoemde word belydenisse as die verwoorders van die kernwaarhede van die geloof niksseggend en die streling van die menslike gevoel of rede bepalend. In plaas van diens aan God word godsdiens dan mens-diens of mens-lof. Die groot vraag word dan nie of ons by die Woord aanpas nie, maar of die Woord ons pas.

## BIBLIOGRAFIE

Bouwman, H.

1985. *Gereformeerd Kerkrecht II*. Kampen: De Groot Goudriaan.

Coertzen, P.

1989. *Vanaf Genève na die suidpunt van Afrika*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

2001. Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika. Ned. Geref. *Teologiese Tydskrif* 42(1 en 2):115-122.

De Gier, K.

1989. *De Dordtse Kerkorde*. Houten: Den Hertog.

Deist, F.E.

1979. *Historiese heuristiek. Teologiese hermeneutiek en Skrifgesag*. Port Elizabeth: UPE.

Donner, J.H. & Van den Hoorn,S.A.

[*s.a.*]. *Acta Nationale Synode te Dordrecht*. Leiden: Donner.

Du Plooy, A. Le R.

2007. Beginsels vir regspraak in die kerk. *Die Kerkblad* April:18-20.

Du Toit, A.B.

1970. Die eksegese van die Sinoptiese Evangelies. In: W.D. Jonker (e.a. reds.), *Hermeneutica* (Pretoria: NG Kerkboekhandel), pp. 65-101.

ENGELHARDT, D.H. & HOFMAN, L.J.
2001. *Manual of Christian Reformed Church government*. Grand Rapids: CTRC Publications.

GEREFORMEERDE KERKEN IN NEDERLAND (GKN)
1980. *God met ons*. Leusden: Informatiedienst.

HEYNS, J.A.
1973. *Brug tussen God en mens*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

1992. *Inleiding tot die Dogmatiek*. Halfway House: NG Kerkboekhandel (1988).

JANSEN, J.
1952. *Korte verklaring van de kerkorde der Gereformeerde Kerken*. Kampen: J.H. Kok.

JONKER, W.D.
1994. *Bevrydende waarheid*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

KLEYNHANS, E.P.J.
1985. *Gereformeerde Kerkreg III*. Pretoria: NG Kerkboekhandel van Transvaal.

KUYPER, H.H. SA.
[*s.a.*]. *De post acta of na-handelingen van de Nationale Synode van Dordrecht in 1618 en 1619 gehouden*. Amsterdam: Höveker en Wormser.

NAUTA, D.
1971. *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen: J.H. Kok.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
1964. *Kerkorde*. Pretoria: NG Kerk-Uitgewers.

1986, 1990, 1998, 2002, 2007. *Agenda en Handelinge Algemene Sinode*. *S.l.*: *s.n.*

2005. *Die Kerkorde 2004*. Wellington: Lux Verbi.BM.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKE
2007. *Jaarboek*. *S.l.*:*s.n.*

POLMAN, A.D.R.
[*s.a.*]. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis I*. Franeker: Wever.

PONT, A.D.
1981. *Historiese agtergronde van ons kerklike reg I*. Pretoria: HAUM.

POTGIETER, P.C.
1990. *Skrif, dogma en verkondiging*. Kaapstad: Lux Verbi.

RUTGERS, F.L.
1889. *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*. Utrecht: Kemink en zoon.

SMIT, C.J.
1984. *God se orde vir sy kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

SPOELSTRA, B.
1989. *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering*. Hammanskraal: Teologiese Skool.

STRAUSS, P.J.
1991. Kerkreg en ekumene: 'n Verwaarloosde tema in die Ned. Geref. Kerk. In: P.J. Strauss (red.), *Byderwets en gereformeerd* (Bloemfontein: Pro Christo), pp. 187-200.

1992. Die sinode: 'n Eie kerklike gesag? *NGTT* 33(2):188-197.

1997. Ecclesiastical assemblies possess, each according to its own character, an ecclesiastical authority entrusted to them by Christ. In: W.H. Neuser & H.J. Selderhuis (eds.), *Ordenlich und fruchtbar* (Leiden: Groen en Zoon), pp. 79-98.

2007. Die regsposisie van kerke in 'n verenigingsproses: Die NG Kerk teen die agtergrond van ontwikkelinge in België. *NGTT* 48(1/2):202-212.

VAN DEN HEUVEL, P.
1991. *De Hervormde kerkorde*. Zoetermeer: Boekencentrum.

VAN ITTERZON, G.P.
1971. *Belijnd belijden*. Kampen: J.H. Kok.

VAN ZYL, A.H.
1970. Die verhouding van die Ou en die Nuwe Testament. In: W.D. Jonker (e.a. reds.), *Hermeneutica* (Pretoria: NG Kerkboekhandel), pp. 9-22.

1975. *Gods Woord in mensetaal*. Durban: Butterworths.

VORSTER, J.D.
1960. Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke. *NGTT* 1(4):12-18.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Ned. Geref. Kerk | Dutch Reformed Church |
| Kerkorde | Church Order |
| Skrif | Scripture |
| Belydenisskrifte | Confessions of faith |